

MET DIE VOLK OP DIE HART

[Eksodus 28:29]

Mens wonder waarom Eksodus 28 in die Bybel is. Dit is God se bepalings vir die klere van die priesters in die Ou Testament. Kon dit nie maar uitgelaat word nie? O nee! Omdat dit in God se Woord staan daarom is dit belangrik. Dit is God se Woord met 'n baie belangrike boodskap vir die gelowiges van alle tye. Alhoewel hierdie bepalings van die Ou Testament nie meer letterlik geld vandag nie is dit "skaduwette" waarin die waarde van Christus onvergelyklik geskilder word.

Die klere van die priesters spel in elke fyn onderdeeljie iets van die komende Christus. Die ampsdiens van die priesters moes by die altaar volbring word... die altaar wat spreek van die koms en offer van Jesus. Daarom sal die besondere klere wat hulle dra ook bydra tot die magtige boodskap in die Ou Testament.

Die **BORSSAK** van die hoëpriester moes gemaak word uit die allerbeste materiaal. Dit moes netjies geborduur word (vs.15). Vier rye edelstene moes dit versier (vs.17). Op elkeen van die 12 edelstene moet die naam van een van die stamme van Israel geskryf word.

Wanneer die hoëpriester sy werk doen by die altaar het hy die name van die verbondsvolk op sy hart gedra... daar vlak voor die aangesig van God. Dit is 'n heerlike faset in die boeiende en aangrypende skildery van die komende Messias. Hoe het Hy, ons enigste Hoëpriester, Jesus Christus, elkeen wat aan Hom behoort op die hart gedra. Om iemand op die hart te dra beteken om met groot erbarming en liefde daardie een se lewe en saak voortdurend te gedenk en te beskerm. Jesus skilder sy sorg vir die skape van die kudde in die gelykenis van die goeie Herder (Joh.10). Jesus toon dat Hy dink aan elkeen wat die Vader Hom gegee het om te verlos uit die diepte van die sonde in sy voorbidding (Joh.17). Jesus dra elke kind van die Vader met sorg en teerheid aan sy bors, in volmaakte sin. Wat 'n ryke troos is dit nie! Geen oomblik is ons uit die gedagtes van ons Verlosser en Saligmaker nie. Daar is nie 'n enkele oomblik waartydens Hy ons vergeet nie. Daar is geen lewensituasie of lewensgebeurtenis waarin die Here nie aan ons dink nie. Ons is op sy hart! Voortdurend.

Gebed:

As ek my bedede bid,
en't opklim in u oor -
ag, sluit dan nie u hart vir my,
maar wil my smeking hoor !

Amen. [Psalm 88:2]

Dr. Nico van der Merwe



SIMBAAL

“Prys Hom met galmende simbale”

[Psalm 150:5]

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord

[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 6

Sondag 27 Februarie 2011

Nommer 7

LEWENDE GELOOF

Baie mense vra die vraag: *Hoe kan ek weet of ek werklik 'n gelowige is? Watter sekerheid kan ek hê dat ek 'n ware geloof het? Hoe kan my geloof gesien word?*

In sy sendbrief gee die apostel Jakobus vir ons die antwoord op al hierdie vrae: *“Want soos die liggaam sonder gees dood is, so is ook die geloof sonder werke dood”* (Jak. 2:26).

- ☉ Daar is die antwoord! Wanneer weet jy dat jy lewe? Wanneer siel en liggaam met mekaar verbind is as 'n twee-eenheid.
- ☉ Siel + liggaam = lewende mens (Gen.2:7). Liggaam sonder siel = 'n lyk. Siel sonder liggaam = geen mens nie.
- ☉ Jakobus se vergelyking is nou verstaanbaar.
 - ✘ Geloof + geloofswerke = lewende geloof.
 - ✘ Geloof sonder werke = dooie geloof.
 - ✘ Werke sonder geloof = nuttelose werke.

Hierdie dinge is onafskeidbaar met mekaar verbind. 'n Voorbeeld uit die alledaagse lewe verduidelik hierdie waarheid ook.

$$0 \times 0 = 0$$

$$0 \times 0 \times 0 \times 0 \times 0 = 0$$

Dit maak nie saak hoeveelmaal jy 0 met 0 vermenigvuldig nie, dit bly 0. Eers wanneer jy 'n syfer by die nul voeg dan kry jy iets van waarde: $10 \times 10 = 100$, $20 \times 30 = 600$.

Voeg jy by die geloof die geloofswerke, dán eers word jou geloof betekenisvol, waardevol, sigbaar. Dan eers het dit inhoud en betekenis.

☐ Wanneer jy 'n koppie vol kookwater gooi dan maak dit die binnekant sowel as die buitekant van die koppie warm.

☐ Wanneer jy ink in jou baadjiesak uitgooi slaan die kol dwarsdeur na buite toe ook.

So is dit met die geloof ook. Dit is wanneer jou geloof deur geloofswerke in jou hele lewe sigbaar word, dan weet jy dat jy glo. As jou lewe van binne en van buite gloei van die Heilige Gees dan weet jy dat jy waarlik glo. Die geloof in jou hart moet uiterlik sigbaar word in daad. *Wat help dit as iemand beweert dat hy glo, maar sy daad bevestig dit nie? Jy sien dus dat geloof met daad gepaard gaan en dat dit eers deur daad volkome word. Geloof wat nie tot daad kom nie is dood* (Jak.2:14, 22, 26).

Dr. Nico van der Merwe.

KOLLEKTES

Datum	By die diakens	Sakkies by die deure
27 Februarie	Barmhartigheid	Die Kerkblad
6 Maart	Barmhartigheid	Sustentasiefonds
13 Maart	Barmhartigheid	Trans-Oranje Instituut
20 Maart	Barmhartigheid	Trans-Oranje Instituut



GEMEENTEPGRAM

Sondag 27 Februarie tot Saterdag 5 Maart 2011

Sondag 27 Februarie 2011	Oggenddiens	09:30-10:30
Sondag 27 Februarie 2011	Katkisasie – Les 5	10:30
Sondag 27 Februarie 2011	Erediens	18:00-19:00
Woensdag 2 Maart 2011	Sustersvergadering	18:30



TEESKINKBEURTE

Sondag 27 Februarie 2011	Wyke 12 & 13
Sondag 6 Maart 2011	Wyke 15 & 16
Sondag 13 Maart 2011	Wyke 17 & 18
Sondag 20 Maart 2011	Wyke 19 & 20




Verjaarsdae

27 Februarie	Estelle van der Walt
3 Maart	Nic Brits
3 Maart	Cora Schoeman
3 Maart	Niel van der Walt
4 Maart	Kamilla Booysen

Geniet julle verjaarsdae. Ons bedes is dat julle ook heeljaar die Here se seën sal geniet!



- ✘ Hanteer sukses soos 'n heer en teenspoed soos 'n man.
- ✘ 'n Wyse man verander sy mening, 'n gek nooit nie.
- ✘ Genoeg is voldoende, te veel is bederf.
- ✘ As jy nie kan bid oor wat jy doen nie, moet dit dan nie doen nie.



PREKE VANDAG



Oggenddiens: TEMA: God is met ons en Hy roep ons om gehoorsaam aan ons roeping te wees.

Eksodus 3:10-12 Teologiese Student Johannes de Bruyn
 Wanneer ons opdragte ontvang om iets te doen, is ons baie lief om verskonings uit te dink hoe om dit nie te doen nie. Ook wanneer die Here met ons praat, is dit baie keer vir ons gerieflik om ons verantwoordelikhede te ontduik, eerder as om aan God gehoorsaam te wees.

Hoe roep God ons vandag?

Die Here praat vandag steeds met ons – wel anders as met Moses. Ons bely dat ons die Here kan ken deur na sy magtige werke in die skepping te kyk. Ons ken God nog duideliker deur sy Woord – in die Bybel openbaar God Hom volkome aan ons.

Ons moet op God se roepstem antwoord.

Dit is duidelik dat die Here met elkeen van ons praat en dat ons ook op Sy roepstem antwoord. Soms antwoord ons eerlik. Soms soek ons verskonings. Soms bly ons stil. **God is by ons!** Ons leer in die Nuwe Testament dat “God wat by ons is” Immanuel genoem word. Ongeag wat die opdrag is wat die Here aan ons gee, sal Hy ons bystaan in dit wat ons moet doen – ons is nie alleen nie. Die Heilige Gees is by ons!



Aanddiens: UITVERKIESING EN DIE PREEK

Handelinge 20:26-27 Dordtse Leerreëls, hoofstuk 1, artikels 14.

Die leer van die goddelike uitverkiesing, geskied volgens die wyse besluit van God. Dit is deur die profete, deur Christus self en deur die apostels in sowel in die Ou as die Nuwe Testament **verkondig**. **Daarna** is dit in die heilige Skrifte **bekend gemaak** en **bewaar**. Daarom moet dit vandag nog op die regte tyd en plek in die kerk van God – waarvoor dit in die besonder bestem is – **uiteengesit word**. Die leer van die uitverkiesing moet egter oordeelkundig, met gelowige eerbied en heilige ontsag, sonder 'n nuuskierige ondersoek na die weë van die Allerhoogste, **verkondig word**. Dit alles moet gebeur tot eer van die heilige Naam van God en tot 'n lewende troos vir sy volk. Daarom moet ons onthou, dat die leer, die waarheid in verband met die uitverkiesing is ook aan die kerk toevertrou. Daarom het die kerk van ons Here Jesus Christus die verantwoordelikheid en die plig en die roeping om die Woord van die Here aangaande die uitverkiesing te preek. Daarom getuig Paulus teenoor die ouderlinge van die gemeente van Efese dat hy in die bediening van die Woord aan die gemeente nie uitsoekerig was waarvoor hy moes preek nie. Hy het die **volle raad van God** aan die gemeente bedien.



NUUS VAN DIE KINDERHUIS

- ⌘ Huis 3 het verlede week nog 'n inwoner gekry, wat die totaal kinders op 22 te staan bring. Sy is Joanita, 'n 8-weke oue babadogtertjie. Ons bid die huismoeder sterkte toe met haar versorging.
- ⌘ Baie dankie nogmaals aan almal wat bereid is om deel te wees van die Pajama-Projek. Skakel gerus vir Hanlie Mocke of Martie Venter as u enige vrae het i.v.m. grootte, ens.



DAGBESTUUR VAN DIE DIAKENS

Die dagbestuur wat vir 2011 verkies is, is Cobus Booysen (voorsitter), Mariana Aucamp (onder-voorsitter), André Kirsten (addisionele lid), Martie Venter (skriba) en Kotie Oosthuizen (kassier). Die diakens beplan om weer 'n Emmer-projek vir die winter te loods.



"It takes more than two ticks of a duck's tail to realise what life is all about".

Lewe? Is dit om asem te haal en 'n hartklop te hê? Wanneer het 'n mens se lewe betekenis?

In sy boek: LEEF 'N BETEKENISVOLLE LEWE, sê Richard Blackaby: *Ons word nie net geroep om God se genade te geniet nie; ons word geroep om dit aan ander te bewys. Wees 'n kanaal vir God se genade, en so kry jou lewe betekenis.*



LIEDERE WAT IN DIE EREDIENSTE GESING WORD

Sondag 27 Februarie 2011

Oggenddiens 09:30			Aanddiens 18:00	
	Lied	Bladsy	Lied	Bladsy
1.	Psalm 67:1	328	Psalm 145:1 & 5	698
2.	Psalm 146:1, 4, 8.	700	Psalm 146:1 & 2	702
3.	Psalm 19:4 & 6	83	Psalm 77:1 & 2	384
4.	Psalm 33:1, 2, 11	156	Skrifberyming 12-3:1 & 2	
5.	Skrifberyming 11-2:1, 2, 4		Skrifberyming 1-1:1 & 2	
7.	Psalm 134:4	653	Skrifberyming 1-1:5 & 7	

Susters

Saamroepster vir Februarie: Santie v.d. Westhuizen
Koekies / Lekkernye vir die Kinderhuis: Wyk 26-28, 1 & 5



SUSTERSVERGADERING
Van Toeka tot Nou

Alle susters word vriendelik uitgenooi na 'n Sustersbyeenkoms op **Woensdag 2 Maart 2011** om 18:30 in die kerksaal. Ons gaan delf in die verlede – as jy wil, haal jou ou crimplene-rok uit die tas en trek dit aan! Bring jou ou foto's, ook jou troufoto saam. Ons gaan ook proe-proe met teelepels heerlike geregte geniet.

ALMAL IS WELKOM!



Lit die W



En nou deroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen.
 [Romeine 12:1]

Wyse Woorde

Ons hou daarvan om die vryheid van keuse te hê, maar ons hou nie van die gevolg as ons keuse verkeerd was nie.
 [John Prickett].



- ⌘ *Wilskrag is nie altyd krag om te wil nie, maar dikwels krag om nie te wil nie.*
- ⌘ *Moenie God se genade vir eie wilskrag aansien nie.*

4. **SIMBAAL 27 Februarie 2011**



Die Godsbesluit

Voor die onheilswoning en
tussen die skaars-beblaarde
soetdorings staan, in droë aarde
maar lowergroen en blink van blad,
die wag-'n-bietjie langs die pad.

Wanneer ek naderkom dan sien
ek dorings krom en reg;
'k sien takke inmekaar gedraai
en deurmekaar gevleg.
En wil ek in die blare gryp
of aan die takke breek,
dan tas ek in 'n doringnes
wat vreeslik haak en steek.

Bo al u donker bome, o Heer,
groeï my 'n enk'le reusboom uit
dit is die wag-'n-bietjie-bos
van u besluit.

Van ver so skoon, so groen, so blink...
maar hoe verward
wanneer ek dieper kyk en dink
as wat 'n sonbaar pas.
En steek ek dan my hande uit
na u besluit,
dan gryp ek in die dorings vas.

SIMBAAL 27 Februarie 2011

5.

DR. SAREL VAN DER WALT

Dit is met groot vreugde en dankbaarheid teenoor die Here dat die Kerkraad die afgelope week die boodskap kon ontvang dat Dr. Sarel van der Walt van Benoni die beroep na die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord aanvaar het. Die maande sedert die emeritering van Dr. André Grové het die gemeente, met elke beroep wat uitgebring is, die verwagting gekoester dat 'n dominee die beroep sal aanvaar. Die gemeente moes egter wag vir die tyd waarvoor God beskik het en vir die leraar wat deur die Here aangewys is.

Dr. Sarel Petrus van der Walt (15 Februarie 1972) is die oudste seun van Ds. Pieter en Martie van der Walt, emeritus van Bethlehem. Aanvanklik het hy hom vir die finansiële wêreld bekwaam deur die verkryging van die BCom. graad. Die roeping as predikant het so sterk in sy hart gegroei dat hy oorslaan na teologie. Hy verwerf agtereenvolgens die grade Th.B., Hons-BA (Grieks), Hons-BA (Teologie), ThM. en ThD. Hy tree in 2003 in die bediening en is leraar in die volgende gemeentes: Bethulie/Philippolis (2003-2005), Benoni-Noord/Noord-Oosrand (2005-2007), Benoni-Noord (2007-2009) en Benoni sedert 2009.

Hy is getroud met Anina van der Walt (12 Junie 1976) en hulle het twee kinders: Pieter (28 Desember 2004) en Carmi (11 April 2008).

Daar word met hunkering vooruit gesien om hulle in Klerksdorp-Noord te ontvang.



TEOLOGIESE STUDENT JOHANNES DE BRUYN

Welkom vanoggend aan teologiese student Johannes de Bruyn wie voorgaan in die erediens. Hy lewer 'n eksamenpreek en die gemeente wil hom die seën van die Here toebid, nie alleen in die erediens nie maar ook vir sy studie aan die Teologiese Skool Potchefstroom die res van die jaar. Hy is getroud met Liezl Mellet en die egpaar het twee kinders: Hestelle en Paul.

